**Stella Viljoen***

Aangesien ons op 21 April **Wêrelddag vir Kreatiwiteit en Innovasie** vier, het ek gewonder wat openbare geleerdes en kunstenaars ons kan vertel oor ’n pandemie wat sekerlik verbeeldingryke refleksie vra? Een van die kunstenaars waaraan ek onmiddellik dink, is Wilma Cruise. Haar 2020-uitstalling, **“1984: Fight or Flight? Recycle Re-use Re-con(figure)”**, by die Everard Read-galery in Kaapstad, verskaf ’n nugter visuele woordeskat van die distopiese landskap waarin ons onsself bevind.

Die kunswerke in hierdie uitstalling is nie ’n uitbeelding van George Orwell se romans nie, maar ***1984*** en ***Animal Farm*** is wel Cruise se vertrekpunt. Cruise probeer soos gewoonlik om uitdrukking te gee aan ons sin van die wêreld as ’n verrassende mooi én ’n sieldodende plek. Aan die een kant herinner Cruise se beeldhouwerke van onaardse, donker dieragtige beelde (varke en bobbejane) op kolossale, swaar perde ’n mens aan die koronavirus wat ons lewens binnegekom het soos die dood op ’n vaal perd. Aan die ander kant kompliseer die beelde van ineengesakte mense- en dierefigure in nederige bote hierdie oorheersende preokkupasie deur die werklikheid van so baie oorloggeteisterde of omgewingsgevaarlike kontekste voor die gees te roep wat die onregverdige tweeledigheid van veg of vlug in die gesig staar.

As ’n mens die nuus lees, lees jy van mense regoor die wêreld wat van siekte, diskriminasie, hongersnood, oorlog, vloede en brande af wegvlug na veilige plekke wat dikwels maar net ’n bedenksel is. Dit is moeilik om te verstaan, om jou daarmee te vereenselwig en om dit veral uit ’n gunstige posisie van skynbare fisieke gesondheid en veiligheid te internaliseer dat hierdie werklikhede saam bestaan. Cruise gebruik dus haar kuns om diegene van ons wat te maklik ons voorreg vergeet, se gewetes wakker te maak. Dit is ’n politiese kunswerk wat ook bedoel is om ons te herinner aan die noodsaaklikheid van saamstaan, om die boot te deel en om diegene wat in nood is, te ontvang. Het die pandemie die probleem van ’n wêreld wat teen homself verdeeld is, vererger of het ons ons harte van klip vir ’n hart van vlees verruil?

Ek is besig om op aanbeveling van ’n vriend se jong kinders ***La Belle Savage*** te lees. Dit is ’n jeugroman deur Philip Pullman oor ’n seun en ’n meisie wat gedurende ’n apokaliptiese vloed met ’n baba in ’n kano van Oxford na Londen vaar. Die boek handel oor liefde en vrees en opoffering, maar veral oor die belangrikheid van knope in seevaart. Knope is ’n soort metafoor in die boek vir dít wat die twee vreemde karakters saambind. Dít was ons saambind, mense wat oor goed verskil, wat verskillende lewenservarings gehad het en verskillende soorte pyn moes hanteer. Mense wat oor verskillende goed lag. Dit gaan oor inklusiwiteit. Dit klink amper te eenvoudig, aangesien ek hierdie artikel skryf terwyl lojaliste in Noord-Ierland besig is om te betoog teen onder meer die uitsluitingspolitiek van Brexit en in Minneapolis het betogers en die polisie gedurende ’n tweede nag van onrus slaags geraak na aanleiding van Daunte Wright se skietdood – selfs terwyl Derek Chauvin se verhoor ten einde loop. En Palestyne moet betoog om dosisse entstof uit die Israeliese regering te kry. Watter verdeling heers daar nie selfs in die Noordelike streke van heilige demokrasie nie?

Ek dink dit is ’n kritieke uitdaging vir die kunste om, veral in hierdie tyd van geo-politieke verdeling en persoonlike afsondering, nie verder uit te sluit nie. Kuns kan so moeilik wees om te verstaan en kan bestaande verskuiwingslyne van klas en kultuur net vererger. Dit is waarom Cruise se werk so kragtig is. Omdat dit kinderlik is in die eenvoudigheid daarvan, voel dit toeganklik.

Voor *1984: Fight or Flight*, het Cruise sewe agtereenvolgende solo-uitstallings aangebied wat die werk van Lewis Carroll ontgin het en wat polities uiters tersaaklik is vir die 21ste eeu. Die ***The Alice Diaries*** (2011–2018) bestaan uit ’n wye versameling twee- en drie-dimensionele kunswerke van menslike en dierlike figure. Hulle is spelerig, hartseer, hartroerend en lewer ’n betoog vir die stil, stadige, kinderlike eenvoud wat nodig is om alles te verwerk wat rondom ons gebeur. Kinders smag en verlang bietjie anders as volwassenes, maar met dieselfde intensiteit. Die verskil is dat kinders twee goed op ’n diepliggende gevoels- en intuïtiewe manier verstaan wat volwassenes reeds lankal vergeet het – die belangrikheid van ’n soektog en die behoefte aan onwaarskynlike vriendskappe – indien ons die reis suksesvol wil voltooi.

Vergewe my dat ek weer verhale en argumente ophaal wat julle maar al te goed ken. Maar soos julle weet, was Alice se soektog om haar weg van ’n pragtige en wonderlike, dog dreigende en onstabiele Wonderland – ’n plek waar sy nie tuis was nie – af huis toe te vind, *unheimlich* of onheilspellend. Die doel van die soektog was egter, belangrik genoeg, om haarself te bewys. Die avontuur het haar nie net liggaamlik en verstandelik nie, maar ook karaktergewys beproef en dit het geblyk dat sy uitgeslape én onskuldig was, ’n wonderlike skynbare teenstrydigheid.

Vir diegene wat volwasse moet wees te midde van ’n politiese, sosiso-ekonomiese of gesondheidskrisis, kan die soektog moontlik eenvoudig net wees om sinisme, ontnugtering of verveeldheid te weerstaan ten gunste van hoop en weetgierigheid, die teenmiddel vir apatie. Cruise se karakters is denkbeeldige swerwers wat nuusgierigheid by die kyker aanwakker oor die bestemming van die verblyf. Terwyl ons die hoofspelers aanskou en hulle selfs leer ken, begin ons ’n empatie in onsself raaksien. “Nuuskieriger en nuuskieriger” soos Alice sou sê.

Vir Cruise is nuuskierigheid die middel en die doel en met die nodige vernuf lok sy, ons eie Alice, ons in die konyngat af in die rigting van wat net ’n kragtige empatie met die reisiger, die swerwer, kan wees. Dit mag gevoelloos lyk om te kenne te gee dat swaarkry- en pynlike tye ook beloftetye kan wees, maar dit is wat ons uit die stories van ons kinderdae leer, dit is die presiese betekenis van ’n soektog. Maar dit is dikwels moeilik om hierdie eenvoudige les in Kuns raak te sien wat ons met aansitterige moralisme beïndruk (of intimideer).

Die revolusionêre Stuart Hall, wat in die sewentigerjare van die 20ste eeu – ’n tyd van ware maatskaplike omwenteling –’n skrywer in die Verenigde Koninkryk was, se **redenasie** was dat dit onmoontlik en oneties is om te dink platvloerse en intellektuele kultuur is apart. Hy het gesê dit is vervleg. Sarah Nuttal, ’n kundige op die gebied van literatuur- en kultuurstudie, **beskryf** die post-apartheid landskap in Suid-Afrika as een wat deur vervlegting gekenmerk word, “wat saam gedraai of verstrengel word, betrokke by; dit dui op ’n intimiteit wat ontwikkel het, self al sou dit teengestaan word, of geïgnoreer of ongenooid word”. Nuttal se werk is uiters nuttig aangesien dit op die potensiaal van kultuur dui om kategorieë, hetsy menslik, polities of kunstig, skandelik te verontagsaam. Smaak ken geen grense nie – dit oortree skaamteloos alle soorte grense en dit is sy vernaamste plesier.

Cruise se beelde is morbied, oulik, snaaks en hartseer. ’n Moeilike, dalk die heel moeilikste, effek om reg te kry. Hulle is terselfdertyd manlik en vroulik, seun en meisie, mens en dier, en toon dus die kragtige gelyktydigheid en vloeibaarheid van vriendskap van die self en ’n ander. Ware vriendskap laat ons toe om identiteit te oefen totdat ons dit “reg” kry, selfs waar dit ’n tipe dubbelsinnigheid vir ’n tydperk behels, soos die diergeeste wat Philip Pullman se kinderkarakters vergesel voordat hul diermetgeselle of “daemons” in volwassenheid vestig. Die hooffigure in Cruise se narratief is melancholies om seker te

wees, maar hulle is ook ’n weergalming van die diep wysheid wat kenmerkend is van alle ware intellektualisme. Dit is bewus van die self, maar nie selfbewus nie. Haar diere laat ons onsself vergeet en onsself beter ken, net soos ’n ontmoeting met iemand anders, selfs ’n hooffiguur. Soos die eenhoring aan Alice gesê het: “As jy in my sal glo, sal ek in jou glo.”

Dit kan soms baie eensaam word in hierdie wêreld van pestilensie en vervolgin; daarom is ek dankbaar dat Cruise my daaraan herinner dat daar ’n einde in sig is, maar ook om die reis juis om hierdie rede te waardeer. Carroll se Alice, asook Cruise s’n, is met jeugdige selfvoldaanheid gevul. Haar reis deur ’n wêreld van pratende diere stel haar egter in staat om die absurde te omarm, om meer, en nie minder nie, kind te wees en dus uiteindelik haar pad huis toe te vind na ’n beter self en ’n beter tyd.

***Stella Viljoen is ’n medeprofessor in die departement Beeldende Kunste by die Universiteit Stellenbosch**.*




